

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES - AFRIKA.



# OFFICIAL GAZETTE

UITGAWE OP GESAG.

OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Dinsdag, 15 November 1960

WINDHOEK

Tuesday, 15th November, 1960

No. 2282

## INHOUD.

## CONTENTS

Bladsy/Page

### PROKLAMASIES:—

### PROCLAMATIONS:—

- No. 83. Walvisbaai (Uitbreiding No. 2): Stigting van Dorp  
No. 84. Distrikspad, Distrik Okahandja: Proklamering van  
No. 85. Distrikspad, Distrik Okahandja: Verlegging van  
No. 86. Distrikspad, Distrik Rehoboth: Verlegging van  
No. 87. Publieke Pad, Distrik Rehoboth: Verlegging van  
No. 88. Publieke Pad, Distrik Warmbad: Verlegging van

- Walvis Bay (Extension No. 2): Establishment of Township . . . . . 1105  
District Road, District Okahandja: Proclamation of District Road, District Okahandja: Deviation of . . . . . 1107  
District Road, District Rehoboth: Deviation of . . . . . 1108  
Public Road, District Rehoboth: Deviation of . . . . . 1108  
Public Road, District Warmbad: Deviation of . . . . . 1109

### GOEWERMENSKENNISGEWINGS:—

### GOVERNMENT NOTICES:—

- No. 209. Vlak Auab Jagvereniging: Registrasie van . . . . .  
No. 210. Huweliksbevestiging: Aanstelling . . . . .  
No. 211. Huweliksbevestiging: Herroeping van Aanstelling . . . . .  
No. 212. Munisipaliteit van Karasburg: Wysiging van Straat- en Verkeersregulasies  
No. 213. Posspaarbank- Balansstaat op 31 Maart, 1960  
No. 214. Waarnemende Prokureur-Generaal: Aanstelling as  
No. 215. Raadslid, Staatshospitaal, Windhoek: Vakature  
No. 216. Staatsondersteunde Hospitaal, Walvisbaai: Hospitaalgelde  
No. 217. Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van Dreineringsregulasies  
No. 218. Munisipaliteit van Gobabis: Wysiging van Straat- en Verkeersregulasies  
No. 219. Vermindering van Standaard Afstand tussen Heininge langs Distrikspad 2671 op Plaas Kopermyn 291: Distrik Outjo  
No. 220. Munisipaliteit van Swakopmund: Inrigting van Inboorlingtehuis  
No. 1729. (Unie) Algemene Spoorwegregulasies: Wysiging in  
No. R. 1734. (Unie) Doeanewet, 1955: Tydelike Opskorting van Doeanereg op Yster- en Staalblaai met Tin bekleed (No. 1/68)  
No. R. 1769. (Unie) Doeanewet, 1955: Wysiging van Derde Bylae (No. 3/31)  
No. 1771. (Unie) S.A. Aptekerskommissie: Wysiging van die Regulasies betreffende die Minimum Leerplan vir 'n Graad in Farmasie  
No. 1772. (Unie) S.A. Aptekerskommissie: Reëls en Minimum Leerplan vir die Kommissie se Diploma in Farmasie  
No. 1798. (Unie) Verkiesing van Senatore in Suidwes-Afrika

- Vlak Auab Hunt Club: Registration of . . . . . 1109  
Marriage Officer: Appointment of . . . . . 1109  
Marriage Officer: Cancellation of Appointment . . . . . 1110  
Municipality of Karasburg: Amendment of Street and Traffic Regulations . . . . . 1110  
Post Office Savings' Bank Balance Sheet as at 31st March, 1960 . . . . . 1112  
Acting Attorney-General: Appointment as . . . . . 1113  
Board Member, State Hospital, Windhoek: Vacancy . . . . . 1113  
State-aided Hospital, Walvis Bay: Hospital Fees . . . . . 1113  
Municipality of Windhoek: Amendment of Drainage Regulations . . . . . 1113  
Municipality of Gobabis: Amendment of Street and Traffic Regulations . . . . . 1116  
Decreasing of Standard Distance between Fences along District Road 2671 on Farm Kopermyn 291: District Outjo . . . . . 1118  
Municipality of Swakopmund: Provision of Native Hostel . . . . . 1119  
(Union) General Railway Regulations: Amendment to (Union) Customs Act, 1955: Temporary Suspension of Duty on Iron and Steel Sheets coated with Tin (No. 1/68) . . . . . 1119  
(Union) Customs Act, 1955: Amendment of Third Schedule (No. 3/31) . . . . . 1120  
(Union) S.A. Pharmacy Board: Rules and Minimum regulations relating to the Minimum Curriculum for a Degree in Pharmacy . . . . . 1120  
(Union) S.A. Pharmacy Board: Rules and Minimum Curriculum for the Boards Diploma in Pharmacy . . . . . 1121  
(Union) Election of Senators in South West Africa . . . . . 1122

### ALGEMENE KENNISGEWINGS:—

### GENERAL NOTICES:—

- No. 121. Munisipaliteit van Walvisbaai: Verkiesingsuitgawes  
No. 122. Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking  
No. 123. Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika: Vakature  
No. 124. Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking  
No. 125. Bankeopgawe: September, 1960  
No. 126. Bankeopgawe, Julie, 1960: Barclays Bank D.C.O.: Wysiging  
No. 718. (Unie) S.A. Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad: Gewysigde Permitgelde  
No. 719. (Unie) S.A. Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad: Permitgelde

- Municipality of Walvis Bay: Election Expenses . . . . . 1122  
Mines: Withdrawal from Pegging . . . . . 1123  
Legislative Assembly of South West Africa: Vacancy . . . . . 1124  
Mines: Withdrawal from Pegging . . . . . 1124  
Banks' Statement: September, 1960 . . . . . 1124  
Banks' Statement, July, 1960: Barclays Bank D.C.O. Amendment . . . . . 1124  
(Union) S.A. Council for Scientific and Industrial Research: Amended Permit Fees . . . . . 1125  
(Union) S.A. Council for Scientific and Industrial Research: Permit Fees . . . . . 1125

### ADVERTENSIES:—

### ADVERTISEMENTS:—

Boedelkennisgewings ens., ens., ens.

Estate Notices etc., etc., etc. . . . . 1125

### PROKLAMASIES

DEUR SY EDELE DANIEL THOMAS DU PLESSIS  
VILJOEN, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-  
AFRIKA.

No. 83 van 1960.]

NADEMAAL kennisgewing van die Registrateur van Aktes ontvang is dat die bepalings van artikel *vyftien* van die Dorpe-Ordonnansie 1928 (Ordonnansie 11 van 1928) soos gewysig, nagekom is ten opsigte van die gebied genoem die dorp Walvisbaai (Uitbreiding nr. 2);

SO IS DIT dat ek kragtens artikel *sestien* van genoemde Ordonnansie hierby proklameer, verklaar en bekendmaak dat genoemde dorp Walvisbaai (Uitbreiding nr. 2), soos aangewys op Algemene plan A.174/60, 'n goedgekeurde dorp is en voorts dat die stigting van genoemde dorp toegestaan is onderhewig aan die voorwaardes uiteengesit in die bylae hiervan, welke genoemde voorwaardes kragtens artikel *nege* van die genoemde Ordonnansie opgelê is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek op hierdie 28ste dag van Oktober 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrateur.*

#### BYLAE.

##### STIGTINGSVOORWAARDES.

###### 1. *Naam van dorp:*

Die dorp heet Walvisbaai-uitbreiding 2.

###### 2. *Samestelling van dorp:*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan A.174/60.

###### 3. *Gereserveerde Erwe:*

Die volgende erwe mag net vir die ondervermelde doeleindes gebruik word: Met dien verstande dat die Administrateur die opskorting of verslapping van hierdie beperking kan magtig op voorwaardes wat hy na oorleg met die Dorperaad stel:—

- (a) Erf 1579 moet aan die Administrasie van Suidwes-Afrika getranspoteer word.
- (b) Erwe 1589, 1590, 1611, 1619, 1625 tot 1628 moet vir munisipale doeleindes gereserveer word.

###### 4. *Titelvoorwaardes:*

Die volgende titelvoorwaardes moet aangeteken word op die transportakte van elke erf buiten dié genoem in paragrawe 3(a) en 3(b):— Die volgende voorwaardes geld vir hierdie erf: Met dien verstande dat as die Administrateur op aanbeveling van die Dorperaad dit raadzaam ag om die beperking in enige voorwaarde op te skort of te verslap, hy die nodige opskorting of verslapping kan magtig op die voorwaardes wat hy stel.

A. Ten gunste van die Administrateur (elke erf buiten erf 1579).

- (1) Hierdie erf mag nie onderverdeel word nie, buiten met die toestemming van die Administrateur en dan op die voorwaardes wat hy stel.

### PROCLAMATIONS

BY THE HONOURABLE DANIEL THOMAS DU  
PLESSIS VILJOEN, ADMINISTRATOR OF SOUTH  
WEST AFRICA.

No. 83 of 1960.]

WHEREAS notification has been received from the Registrar of Deeds that the provisions of section *fifteen* of the Townships Ordinance, 1928 (Ordinance 11 of 1928) as amended, have been complied with in respect of the area named the Township Walvis Bay (Extension No. 2);

NOW THEREFORE, in terms of section *sixteen* of the said Ordinance, I do hereby proclaim, declare and make known that the said Walvis Bay (Extension No. 2), as represented by General Plan A.174/60, is an approved township and further that the establishment of the said township has been sanctioned subject to the conditions set forth in the schedule hereto, which said conditions have been imposed in terms of section *nine* of the said Ordinance.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal at Windhoek this 28th day of October, 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrator.*

#### SCHEDULE

##### CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

###### 1. *Name of Township:*

The name of the township shall be:—  
Walvis Bay Township (Extension No. 2).

###### 2. *Composition of Township:*

The Township shall comprise erven and streets as indicated on General Plan No. A.174/60.

###### 3. *Reserved Erven:*

The following erven may be used for the purpose stated below only:—

Provided that the Administrator may authorise the suspension or relaxation of this restriction subject to such conditions as he may impose after consultation with the Townships Board:—

- (a) Erf 1579 shall be transferred to the South West Africa Administration.
- (b) Erven 1589, 1590, 1611, 1619, 1625 to 1628 shall be reserved for Municipal purposes.

###### 4. *Conditions of Title:*

The following conditions of title shall be registered in Deeds of Transfer of all erven except those referred to in paragraph 3(a) and 3(b).

This erf shall be subject to the following conditions provided that if in the opinion of the Administrator acting upon the recommendation of the Townships Board it is expedient that the restriction in any condition be suspended or relaxed, he may authorise the necessary suspension, or relaxation subject to compliance with conditions as he may wish to impose.

A. In favour of the Administrator (All erven except Erf 1579).

- (1) This erf shall not be subdivided without the consent of the Administrator and subject to such conditions as he may wish to impose.



- B. Ten gunste van die Munisipaliteit (elke erf buiten erwe 1579, 1589, 1590, 1619, 1625 tot 1628)
- (1) Nog die geheel, nog 'n deel van hierdie erf mag aan 'n nie-blanke, inboorling of Asiaat getransporeer, verhuur of op enige ander wyse oorgegemaak word nie, en geen nie-blanke, inboorling of Asiaat buiten die *bona fide*-huisbedienendes van die eienaar of sy huurder mag toegelaat word om die erf of enige deel daarvan te bewoon of hoegenaamd te beset nie.
  - (2) As die Raad die straat aanlê en bou op 'n vlak wat verskil van die gemiddelde vlak van enigeen van die erwe moet die eienaars of hul titelopvolgers op eie koste 'n keermuur van toereikende hoogte en sterkte aan al die straatkante bou om te verhoed dat enige deel van die erwe in die straat val, of andersom. Elk so 'n keermuur moet in oorleg met die Raad gebou word en is onderhewig aan sy goedkeuring.
  - (3) Die eienaar van hierdie erf moet sonder vergoeding toelaat dat die riool- en afloopwater (insluitend stormwater) van enige erf of erwe oor die erf afgevoer word as die Raad dit nodig ag, en dan op die wyse en in die posisie wat van tyd tot tyd redelik vereis word.  
Dit sluit die toegangsreg tot die erf in om op enige redelike tyd enige riool, mangat, kanaal of ander verbandhoudende werke op of in te rig, in stand te hou, te verander, te verwyder of te ondersoek.
  - (4) Niemand mag toegelaat word om op hierdie erf te woon nie buiten met die voorafgaande skriftelike toestemming van die Raad, en die Raad mag sodanige toestemming, waaroor hy afdoende besluit, net verleen ten opsigte van 'n *bona fide*-opsigter.
  - (5) Die eienaar van hierdie erf mag nie toegelaat word om vir water te boor of te dolwe nie.
  - (6) Geen geboue of strukture of enige deel daarvan buiten grensmure, heinings, of spoorweglyne mag nader as drie meter aan enige sy- of agtergrens wat gemeenskaplik is met 'n aanliggende erf, opgerig word nie.
- C. Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 1580 tot 1588, 1591 tot 1599, 1602 tot 1610, 1612 tot 1618 en 1620 tot 1624.
- (7) Hierdie erf moet vir nywerheids-, fabrieks- en/of pakhuisdoeleindes of verbandhoudende doeleindes gebruik word, en geen kleinhandel mag daarop uitgeoefen word nie: Met dien verstande dat geen hinderlike bedryf, soos bepaal by paragraaf 1(a) van Goewermentskennisgewing 141/1926 van 10 November 1926, soos gewysig, daarop uitgeoefen mag word nie.
- D. Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 1600 en 1601.
- (7) Hierdie erf mag net vir sakedoeleindes gebruik word: Met dien verstande dat —
    - (a) net een hoofgebou met die nodige buitegeboue en toebehore daarop gebou mag word. Die hoofgebou moet saam met die buitegeboue opgerig en voltooi word;
    - (b) parkeerplek van die straat af verskaf moet word wat genoeg onafhanklike ruimte toelaat vir een motorkar vir elke aparte besigheid.
  - (8) Die waarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgeslote, wat op hierdie erf opgerig word, moet minstens £3000 bedra.
- E. Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 1580, 1581, 1594 tot 1596 en 1610.
- (8) Die waarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgeslote wat op hierdie erf opgerig word, moet minstens £3000 bedra.
- F. Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 1612 tot 1614.
- B. In favour of the Municipality (All erven except Erven 1579, 1589, 1590, 1611, 1619, 1625 to 1628.)
- (1) This erf or any portion thereof shall not be leased, transferred or in any other manner be disposed of to a coloured person, native or Asiatic and no coloured person, native or Asiatic other than the *bona fide* domestic servants of the owner or of his tenant shall be permitted to reside thereon or in any manner occupy the same or any portion thereof.
  - (2) In the event of the Council laying out and constructing the street at a level differing from the average level of any of the erven, the owners or their successors in title shall construct at their own cost a retaining wall at any street boundary of sufficient height and strength to prevent any portion of the erven falling into the street or vice versa. All such retaining walls shall be built in consultation with the Council and shall be subject to its approval.
  - (3) The owner of this erf shall without compensation, be obliged to allow the sewage and rainage, including stormwater, of any erf or erven to be conveyed across the erf if deemed necessary by the Council and in such a manner and position as may from time to time be reasonably required. This shall include the right of access to the erf at any reasonable time to construct, maintain, alter, remove or inspect any sewer, manhole, channel or other works pertaining hereto.
  - (4) No person shall be permitted to reside on the erf, save with the prior written consent of the Council which consent shall, in the Council's entire discretion, be granted only in the case of a *bona fide* caretaker.
  - (5) The owner of this erf shall not be permitted to drill or excavate for water.
  - (6) No buildings or structures or any portions thereof except boundary walls, fences or Railway lines shall be erected nearer than 3 metres to any lateral or rear boundary common to an adjoining erf.
- C. Additional conditions applicable to Erven 1580 to 1588, 1591 to 1599, 1602 to 1610, 1612 to 1618 and 1620 to 1624.
- (7) This erf shall be used for Industrial manufacturing and/or warehousing purposes and purposes incidental thereto and no retail trading shall be conducted thereon, provided that no offensive trades, as described in Paragraph 1(a) of Government Notice No. 141/1926 dated 10th November, 1926, as amended, may be developed on this erf.
- D. Additional conditions applicable to Erven 1600 and 1601.
- (7) This erf shall be used for business purposes only provided that —
    - (a) not more than one main building with the necessary outbuildings and appurtenances shall be erected thereon. The main building shall be erected and completed simultaneously with the outbuildings.
    - (b) off-street parking to the extent of one independent open car space for every business unit be provided.
  - (8) The value of the main building exclusive of outbuildings to be erected on this erf shall not be less than £3,000.
- E. Additional conditions applicable to erven 1580, 1581, 1594 to 1596 and 1610.
- (8) The value of the main building exclusive of outbuildings to be erected on this erf shall not be less than £3,000.
- F. Additional conditions applicable to erven 1612 to 1614.

- (8) Die waarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgeslote, wat op hierdie erf opgerig word, moet minstens £4000 bedra.
- G. Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 1599 en 1615 tot 1617.
- (8) Die waarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgeslote, wat op hierdie erf opgerig word, moet minstens £5000 bedra.
- H. Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 1602 tot 1607, 1618 en 1620 tot 1623.
- (8) Die waarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgeslote, wat op hierdie erf opgerig word, moet minstens £10,000 bedra.
- J. Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 1582 tot 1587, 1592, 1593 en 1624.
- (8) Die waarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgeslote, wat op hierdie erf opgerig word, moet minstens £12,000 bedra.
- K. Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 1588, 1608 en 1609.
- (8) Die waarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgeslote, wat op hierdie erf opgerig word, moet minstens £8,000 bedra.
- L. Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 1591, 1597 en 1598.
- (8) Die waarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgeslote, wat op hierdie erf opgerig word, moet minstens £20,000 bedra."

No. 84 van 1960.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1953 (Ordonnansie 17 van 1953), verklaar ek hierby dat die volgende pad in die distrik van Okahandja Distrikspad 2136 is:

Van 'n punt op Distrikspad 2138 naby die Otjosondu myn op die plaas Otjosondu 274, algemeen suidooswaarts oor die plase Otjosondu 274 en Ebenezer 377 om aan te sluit by Distrikspad 2137 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie dag van November 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrateur.*

No. 85 van 1960.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1953 (Ordonnansie 17 van 1953), verklaar ek hierby dat die pad in die distrik van Okahandja, beskryf in Bylae I hiervan, gesluit is en die pad beskryf in Bylae II 'n nuwe gedeelte is van Distrikspad 2156, wat geproklameer is by Proklamasie 5 van 1954.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie 31ste dag van Oktober 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrateur.*

BYLAE I.

*Beskrywing van pad:*

Die pad beskryf as Distrikspad 2156 in Bylae IV van Proklamasie 5 van 1954.

*Gedeelte gesluit.*

Van 'n punt op die oostelike grens van die opgemete erwe van die dorp Okahandja, algemeen oos-noordooswaarts oor Okahandja Dorpsgronde 277 tot by 'n punt op genoemde dorpsgronde.

(8) The value of the main building exclusive of out-buildings to be erected on this erf shall be not less than £4,000.

G. Additional conditions applicable to erven 1599 and 1615 to 1617.

(8) The value of the main building exclusive of out-buildings to be erected on this erf shall be not less than £5,000.

H. Additional conditions applicable to erven 1602 to 1607, 1618 and 1620 to 1623.

(8) The value of the main building exclusive of out-buildings to be erected on this erf shall be not less than £10,000.

J. Additional conditions applicable to erven 1582 to 1587, 1592, 1593 and 1624.

(8) The value of the main building exclusive of out-buildings to be erected on this erf shall be not less than £12,000.

K. Additional conditions applicable to erven 1588, 1608, and 1609.

(8) The value of the main building exclusive of out-buildings to be erected on this erf shall be not less than £8,000.

L. Additional conditions applicable to erven 1591, 1597 and 1598.

(8) The value of the main building exclusive of out-buildings to be erected on this erf shall be not less than £20,000.

No. 84 of 1960.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *five* of the Roads Ordinance, 1953 (Ordinance 17 of 1953), I do hereby declare that the following road in the district of Okahandja shall be District Road 2136:—

From a point on District Road 2138 near the Otjosondu Mine on the farm Otjosondu 274, generally southeastwards via the farms Otjosondu 274 and Ebenezer 377 to connect with District Road 2137 at a point on the last mentioned farm.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal in Windhoek this 5th day of November, 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrator.*

No. 85 of 1960.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *five* of the Roads Ordinance 1953 (Ordinance 17 of 1953), I do hereby declare that the road in the district of Okahandja, described in Schedule I hereof, shall be closed and the road described in Schedule II shall be a new portion of District Road 2156 which has been proclaimed by Proclamation 5 of 1954.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal in Windhoek this 31st day of October, 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrator.*

SCHEDULE I.

*Description of road:*

The road described as District Road 2156 in Schedule IV of Proclamation 5 of 1954.

*Portion closed:*

From a point on the eastern limit of the surveyed erven of the Township of Okahandja generally east-northeastwards via Okahandja Townlands 277 to a point on the said Townlands.



BYLAE II.

NUWE GEDEELTE VAN DISTRIKSPAD 2156:

Van 'n punt op Distrikspad 2156 op die plaas Okahandja Dorpsgronde 277 algemeen suid- en suidweswaarts oor Okahandja Dorpsgronde 277 om aan te sluit by Hoofpad 1 — Seksie 6 suid van die Okahandjarivier op genoemde dorpsgronde.

No. 86 van 1960.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1953 (Ordonnansie 17 van 1953), verklaar ek hierby dat die volgende gedeelte van Distrikspad 1262 in die distrik Rehoboth, wat geproklameer is by Proklamasie 46 van 1954, gesluit is en die pad, beskryf in Bylae I hiervan, 'n nuwe gedeelte van Distrikspad 1262 is:—

Van 'n punt op Hoofpad 1 — Seksie 4 naby die suidelike grens van die plaas Swartskaaap 332, algemeen suid-suidweswaarts oor die plase Swartskaaap 332 en Awasab 333 tot by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie 31ste dag van Oktober 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrateur.*

BYLAE I.

NUWE GEDEELTE VAN DISTRIKSPAD 1262:—

Van 'n punt op Hoofpad 1 — Seksie 4 op die plaas Awasab 333 algemeen suidweswaarts oor die plaas Awasab 333 om aan te sluit by Distrikspad 1262 by 'n punt op genoemde plaas.

No. 87 van 1960.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1953 (Ordonnansie 17 van 1953), verklaar ek hierby dat die pad in die distrik van Rehoboth, beskryf in Bylae I hiervan, gesluit is en dat die pad beskryf in Bylae II 'n nuwe gedeelte is van Publieke Pad 1271 wat geproklameer is by Proklamasie 48 van 1957.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie 31ste dag van Oktober 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrateur.*

BYLAE I.

*Beskrywing van pad.*

Die pad beskryf as Publieke Pad 1271 in Bylae III van Proklamasie 48 van 1957.

*Gedeelte gesluit.*

Van 'n punt op Publieke Pad 1271 op die plaas Elim 401, algemeen noordooswaarts oor die plase Elim 401, die noordoostelike hoek van Solitaire 412 en die suidoostelike hoek van Arib 400 om aan te sluit by Grootpad 36 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

BYLAE II.

NUWE GEDEELTE VAN PUBLIEKE PAD 1271:

Van 'n punt op Publieke Pad 1271 op die plaas Elim 401 algemeen noordoos- en oosnoordooswaarts oor die plase Elim 401, Constantia 515 en Solitaire 412 om aan te sluit by Grootpad 36 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

SCHEDULE II.

NEW PORTION OF DISTRICT ROAD 2156:

From a point on District Road 2156 on the farm Okahandja Townlands 277 generally south- and southwestwards via Okahandja Townlands 277 to connect with Trunk Road 1 — Section 6 south of the Okahandja River on the said Townlands.

No. 86 of 1960.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *five* of the Roads Ordinance, 1953 (Ordinance 17 of 1953), I do hereby declare that the following portion of District Road 1262 in the district of Rehoboth, which has been proclaimed by Proclamation 46 of 1954, shall be closed, and the road described in Schedule I hereof, shall be a new portion of District Road 1262:—

From a point on Trunk Road 1 — Section 4 near the southern boundary of the farm Swartskaaap 332, generally south-southwestwards via the farms Swartskaaap 332 and Awasab 333 to a point on the last mentioned farm.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal in Windhoek this 31st day of October, 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrator.*

SCHEDULE I.

NEW PORTION OF DISTRICT ROAD 1262:—

From a point on Trunk Road 1 — Section 4 on the farm Awasab 333, generally southwestwards via the farm Awasab 333 to connect with District Road 1262 at a point on the said farm.

No. 87 of 1960.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *five* of the Roads Ordinance, 1953 (Ordinance 17 of 1953), I do hereby declare that the road in the district of Rehoboth described in Schedule I hereof, shall be closed, and the road described in Schedule II shall be a new portion of Public Road 1271 which has been proclaimed by Proclamation 48 of 1957.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal in Windhoek this 31st day of October, 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrator.*

SCHEDULE I.

*Description of road.*

The road described as Public Road 1271 in Schedule III of Proclamation 48 of 1957.

*Portion closed*

From a point on Public Road 1271 on the farm Elim 401 generally northeastwards via the farms Elim 401, the northeastern corner of Solitaire 412 and the southeastern corner of Arib 400 to connect with Main Road 36 at a point on the last mentioned farm.

SCHEDULE II.

NEW PORTION OF PUBLIC ROAD 1271:

From a point on Public Road 1271 on the farm Elim 401 generally northeast- and eastnortheastwards via the farms Elim 401, Constantia 515 and Solitaire 412 to connect with Main Road 36 at a point on the last mentioned farm.

No. 88 van 1960.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf* van die Ordonnansie op Paaie 1953 (Ordonnansie 17 van 1953), verklaar ek hierby dat Publieke Pad 235 in die distrik van Warmbad, wat geproklameer is by Proklamasie 6 van 1955, gesluit is en dat die volgende pad Publieke Pad 235 is:—

Van 'n punt op Distrikspad 202 naby die opstal op die plaas Blydeverwacht 72, algemeen suid-suidooswaarts oor die plase Blydeverwacht 72 en Gedeelte 1 van Blydeverwacht 72 tot by 'n punt op die suidelike grens van die laasgenoemde plaas; dan algemeen suid-suidweswaarts oor die plaas Jerusalem 73 om aan te sluit by Publieke Pad 234 by 'n punt op die laasgenoemde plaas.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie 31ste dag van Oktober 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrateur.*

No. 88 of 1960.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *five* of the Roads Ordinance, 1953 (Ordinance 17 of 1953) I do hereby declare that Public Road 235 in the district of Warmbad, which has been proclaimed by Proclamation 6 of 1955, shall be closed and that the following road shall be Public Road 235:—

From a point on District Road 202 near the homestead on the farm Blydeverwacht 72, generally south-southeastwards via the farms Blydeverwacht 72 and Portion 1 of Blydeverwacht 72 to a point on the southern boundary of the last mentioned farm; thence generally south-southwestwards via the farm Jerusalem 73 to connect with Public Road 234 at a point on the last mentioned farm.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal in Windhoek this 31st day of October, 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,  
*Administrator.*

## Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

No. 209.]

[15 November 1960.

### REGISTRASIE VAN JAGVERENIGING.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en in gevolge die bevoegdheid hom verleen by subartikel 2 van artikel *drie* van die Ordonnansie op die Uitroeiing van Ongediertes 1957 (nr. 15 van 1957), sy goedkeuring te heg aan die registrasie van die „Vlak Auab Jagvereniging” met ingang van die datum van publikasie hiervan, vir die streek wat in die bylae hiervan beskryf word.

#### BYLAE.

Daardie gedeelte van die distrikte Gibeon en Rehoboth wat die volgende omsluit:—

Vanaf die suidelike hoekbaken van Gedeelte A van Wohlzufrieden nr. 138, langs die grense van en insluitende die volgende plase namekaar geleë, in die Magistraatsdistrik Rehoboth, naamlik:— Gedeelte A en Restant van Wohlzufrieden nr. 138, Gomaub Süd nr. 139, Restant en Gedeelte A van Wohlzufrieden nr. 138, Campbellsdrei nr. 137 tot sy mees noordelike hoekbaken wat ook die suidwestelike hoekbaken van die Restant van Oliva nr. 122 is: vandaar langs die grense van en insluitende die volgende plase namekaar geleë in die Magistraatsdistrik Gibeon, naamlik:—

Restant en Gedeelte 1 van Oliva nr. 122, Galenbeck nr. 121, Restant van Schürfpenn nr. 120, Gedeelte C en Gedeelte D van Swartmodder nr. 114, Restant van Witley nr. 115, Restant van Dabib nr. 112, Restant en Gedeelte 1 van Bagatelle nr. 293, Gedeelte A van Swartmodder nr. 114, Gedeelte A van Wohlzufrieden nr. 138, tot by die suidelike hoekbaken van laasgenoemde plaas, synde die aanvangspunt.

No. 210.]

[15 November 1960.

### HUWELIKSBEVESTIGER: AANSTELLING

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig die bepaling van subartikel (2) van artikel *vyf* van „De

## Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

C. F. MARAIS,  
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 209.]

[15th November, 1960.

### REGISTRATION OF HUNT CLUB.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by sub-section 2 of section *three* of the Vermin Extermination Ordinance 1957 (No. 15 of 1957), to approve of the registration of the “Vlak Auab Hunt Club” with effect from the date of publication hereof, for the area described in the Schedule hereto.

#### SCHEDULE.

That portion of the districts of Gibeon and Rehoboth, bounded as follows:—

From the southern corner beacon of Portion A of Wohlzufrieden No. 138 along the boundaries of and including the following farms in succession, situate in the Magisterial District Rehoboth, namely:— Portion A and Remainder of Wohlzufrieden No. 138, Gomaub Süd No. 139, Remainder and Portion A of Wohlzufrieden No. 138, Campbellsdrei No. 137, to its most northern corner beacon being also the southwestern beacon of the Remainder of Oliva No. 122; thence along the boundaries of and including the following farms in succession, situate in the Magisterial District Gibeon, namely:— Remainder and Portion 1 of Oliva No. 122, Galenbeck No. 121, Remainder of Schürfpenn No. 120, Portion C and Portion D of Swartmodder No. 114, Remainder of Witley No. 115, Remainder of Dabib No. 112, Remainder and Portion 1 of Bagatelle No. 293, Portion A of Swartmodder No. 114, Portion A of Wohlzufrieden No. 138, to the southern corner beacon of the last mentioned farm, being the point of beginning.

No. 210.]

[15th November, 1960.

### MARRIAGE OFFICER: APPOINTMENT.

The Administrator has been pleased, in terms of sub-section (2) of section *five* of the Solemnization of



Huweliksvoltrekkingsproklamatie 1920" (Proklamasie 31 van 1920), sy goedkeuring te heg aan die aanstelling van die ondergenoemde persoon as huweliksbevestiger vir Suidwes-Afrika, met ingang van datum genoem:—

Naam	Kerkgemeenskap	Datum
Wilson-Hughes: Edward James	Church of the Province of South Africa.	23.9.1960

No. 211.] [15 November 1960.

**HUWELIKSBEVESTIGER: HERROEPING VAN AANSTELLING.**

Dit het die Administrateur behaag om ooreenkomstig sub-artikel (3) van Artikel vyf van „De Huweliksvoltrekkings Proklamatie 1920" (Proklamasie 31 van 1920) sy goedkeuring te heg aan die herroeping van die aanstelling as Huweliksbevestiger vir Suidwes-Afrika van die ondergenoemde persoon vanaf die datum vermeld:—

Naam	Kerkgemeenskap	Datum
Dowel: William Richard	Church of the Province of South Africa.	23.9.1960

No. 212.] [15 November 1960.

Dit het die Administrateur behaag om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *eenhonderd en sestig* gelees met paragraaf 17 van sub-artikel (1) van artikel *eenhonderd nege-en-vyftig*, sub-artikel (4) van artikel *eenhonderd ses-en-sewentig* en artikel *eenhonderd nege-en-negentig* van die Munisipale Ordonnansie 1949 (Ordonnansie 3 van 1949) soos gewysig sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 153 van 1939 soos gewysig by Goewermentskennisgewings 183 van 1949, 357 van 1951, 195 van 1955 en 175 van 1960.

**MUNISIPALITEIT VAN KARASBURG**

**WYSIGING VAN STRAAT- EN VERKEERS-REGULASIES.**

Die Straat- en Verkeersregulasies van die Munisipaliteit Karasburg word hierby gewysig deur die invoeging van die volgende nuwe regulasies onmiddellik na regulasie 50.

- 51(1)(a) Van die eerste dag van Januarie 1961 mag niemand op enige publieke pad of straat in die Munisipalegebied enige trapfiets wat aan hom behoort of waarvoor hy beheer het, ry of gebruik of toelaat dat dit gery of vir enige doel hoegenaamd gebruik word nie, tensy hy in besit is van 'n geldige lisensie wat van die Raad vir soadanige trapfiets verkry is.
- (b) Geen lisensie sal ten opsigte van 'n trapfiets aan enige persoon uitgereik word nie, tensy:
- (i) sodanige fiets gebring is na en getoon word by die Munisipalekantore sodat die nommer, fabrieknaam en sodanige ander besonderhede as wat vereis mag word, aangeteken kan word;
  - (ii) bewys van eiendomsreg ten opsigte van sodanige trapfiets, indien vereis, gelewer word deur die persoon wat voorgee die eienaar daarvan te wees;
  - (iii) sodanige trapfiets volgens die mening van die persoon wat deur die Raad as lisensiebeampte aangestel is, padvaardig is;
  - (iv) sodanige trapfiets voorsien is van 'n doeltreffende rem waarmee dit beheer kan word, met dien verstande dat 'n driewieler wat gebou is om goedere te vervoer, twee onafhanklike en doeltreffende remme moet hê, wat afsonderlik in staat is of die driewieler te beheer;

Marriages Proclamation 1920, (Proclamation No. 31 of 1920) to appoint the undermentioned person as Marriage Officer for South West Africa, with effect from the date mentioned:—

Name.	Denomination.	Date.
Wilson-Hughes: Edward James	Church of the Province of South Africa.	23.9.1960

No. 211.] [15th November 1960.

**MARRIAGE OFFICER: CANCELLATION OF APPOINTMENT.**

The Administrator has been pleased, in terms of sub-section (3) of Section five of the Solemnization of Marriages Proclamation 1920 (Proclamation No. 31 of 1920) to approve of the revocation of the appointment as Marriage Officer for South West Africa of the undermentioned person with effect from the date mentioned:—

Name	Denomination	Date
Dowel: William Richard	Church of the Province of South Africa.	23.9.1960

No. 212.] [15th November, 1960.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section *one hundred and sixty* read with paragraph 17 of sub-section (1) of section *one hundred and fifty-nine*, sub-section (4) of section *one hundred and seventy-six* and section *one hundred and ninety-nine* of the Municipal Ordinance 1949 (Ordinance 3 of 1949) as amended, to approve of the undermentioned amendment of the regulations published under Government Notice No. 153 of 1939 as amended by Government Notices Nos. 183 of 1949, 357 of 1951, 195 of 1955 and 175 of 1960.

**MUNICIPALITY OF KARASBURG.**

**AMENDMENT OF STREET AND TRAFFIC REGULATIONS.**

The Street and Traffic Regulations of the Municipality of Karasburg are hereby amended by the insertion of the following new regulation immediately after regulation 50.

- 51(1)(a) As from the first day of January, 1961, no person shall ride or use or allow to be ridden or used for any purpose whatsoever upon any public road or street within the Municipal area any pedal cycle belonging to him or of which he has control, unless he is in possession of a current licence for such pedal cycle, obtained from the Council.
- (b) No licence shall be issued to any person in respect of any pedal cycle unless:
- (i) such pedal cycle is brought to and showed at the Municipal Offices for the purpose of recording the number, make, and such other particulars as may be required;
  - (ii) proof of ownership of such pedal cycle is produced by the person purporting to be the owner thereof, if required to do so;
  - (iii) such pedal cycle is in the opinion of the person appointed by the council as licensing officer, in a roadworthy condition;
  - (iv) such pedal cycle is equipped with an efficient brake capable of controlling the pedal cycle, provided that a tricycle constructed for the purpose of carrying goods, shall have two independent and efficient brakes, each capable of controlling the tricycle;

- (v) sodanige trapfiets voorsien is van 'n doeltreffende rooi lig aan die agterkant om die posisie van die fiets aan te dui vir persone wat dit inhaal, met dien verstande egter dat 'n rooi weerkaatser as 'n doeltreffende agterlig beskou sal word;
- (vi) sodanige trapfiets voorsien is van 'n metaalplaat  $3\frac{1}{2}$  duim in die vierkant, wat wit geverf is, geheg aan die agter modderskerm of in die geval van 'n driewieler met twee agterwiele, aan die regteragtermodderskerm; of waar daar nie 'n modderskerm is nie, aan die agterkant van die raam van sodanige trapfiets, of in die geval van 'n driewieler met twee agterwiele, regs agter aan die raam op so 'n wyse dat die plaat agter duidelik sigbaar is; met dien verstande altyd dat die bepalinge van hierdie paragraaf nie van toepassing sal wees op 'n trapfiets waarvan die agtermodderskerm wit geverf is vir 'n lengte van 10 duim opwaarts vanaf 'n punt gelyk aan die agteras nie of op 'n driewieler met twee agterwiele so geverf is nie. Die weerkaatser moet in elke geval in die middel van die metaalplaat of die witgeverfde gedeelte van die modderskerm aangebring wees sodat dit van agter duidelik sigbaar is.
- (2) (a) Onmiddellik nadat 'n lisensie vir 'n trapfiets uitgereik is, moet die lisensiehouer die metaalplaatjie wat daarmee saam uitgereik word aan die linkerkant van die naaf van die trapfiets se voorwiel en, in die geval van 'n driewieler met twee voorwiele aan die linkerkant van die naaf van die linkervoorwiel, heg en dit in elke geval gedurende die geldigheidsduur van die lisensie daar hou.
- (b) Die Raad mag die lisensienommer of enige ander nommer of merk, by die uitreiking van 'n lisensie, op enige deel van sodanige trapfiets stempel.
- (c) Niemand mag enige metaalplaatjie wat saam met 'n lisensie uitgereik is aan enige trapfiets anders as die ten opsigte waarvan dit uitgereik is, heg, laat heg, of toelaat dat dit aangeheg word nie.
- (d) Ingeval enige trapfiets, wat kragtens hierdie regulasies gelisensieer is, verkoop of op enige ander wyse oorgemaak word, moet die persoon wat die eienaar daarvan word binne 7 dae na die oordrag van eiendomsreg die lisensie op sy eie naam by die Munisipalekantore laat oordra en hy moet 'n oordragfooi van een sjieling betaal.
- (e) Waar 'n metaalplaatjie wat aan die houër van 'n lisensie uitgereik is, verlore raak of vernietig word, moet sodanige houër onmiddellik by die Raad aansoek doen om 'n nuwe plaatjie wat aan hom uitgereik sal word nadat die Raad oortuig is dat oorspronklike plaatjie verlore geraak of vernietig is. Vir die uitreiking van 'n nuwe plaatjie kragtens hierdie paragraaf, moet 'n bedrag van twee sjielings en ses pennies aan die Raad betaal word.
- (f) Niemand mag enige nommer of merk wat kragtens hierdie regulasies op 'n trapfiets gestempel is, uitwis, ontsier of verander nie en niemand mag 'n fiets waarop sodanige nommer of merk uitgewis, ontsier of verander is, ry of besit nie. Waar sodanige uitwissing, ontsiering of verandering gedoen is sonder die wet of skuld van die eienaar van 'n trapfiets, moet die eienaar sodanige trapfiets onmiddellik na die Munisipalekantore bring sodat die nommer of merk oorgestempel kan word.
- (g) 'n Lisensie wat ten opsigte van 'n trapfiets uitgereik is, vervel op die 31ste Desember van elke jaar en lisensiefooi is soos volg:
- (v) such pedal cycle is equipped with a suitable red light at the rear to indicate the position of the cycle to persons overtaking it, provided however, that a red reflector shall be deemed to be a suitable rear light;
- (vi) such pedal cycle is equipped with a metal plate, painted white and not less than  $3\frac{1}{2}$  inches square, affixed to the rear mudguard or in the case of a tricycle with two rear wheels, to the right rear mudguard; or where no such mudguard exists, on the rear of the frame of the pedal cycle or, in the case of a tricycle having two rear wheels, to the rear of the right frame, in such a manner that the plate is clearly visible from the rear; provided always that the provisions of this paragraph shall not apply to any pedal cycle the rear mudguard of which has been painted to show a white surface of not less than 10 inches in length from a point level with the rear axle and extending upwards, or to any tricycle having two rear wheels, the right rear mudguard of which is so painted. The reflector shall in each case be affixed to the centre of the metal plate or of the white painted portion of the mudguard, so as to be clearly visible from the area.
- (2) (a) Immediately after obtaining a licence for any pedal cycle the licensee shall cause the metal plate issued to him therewith to be affixed to the left side of the front wheel hub, and in the case of a cycle with two front wheels, to the left of the hub of the left front wheel, and in all cases to be so maintained during the currency of such licence.
- (b) The licence number or any other number or mark may at the issue of any licence for a pedal cycle be impressed by the Council on any part of such pedal cycle.
- (c) No person shall affix or cause or allow to be affixed any metalplate issued with any licence to any pedal cycle other than that for which it was issued by the Council.
- (d) In the event of any pedal cycle, licensed under these regulations, being sold or otherwise disposed of the person becoming the owner thereof shall within 7 days after such change of ownership cause the licence to be transferred into his own name, at the Municipal Offices and shall pay the transfer fee of one shilling.
- (e) Should any metal plate issued to the holder of a licence be lost or destroyed such holder of a licence shall forthwith apply to the Council for the issue to him of a new plate which shall be issued to him on satisfying the Council that the original plate has been lost or destroyed. The fee of two shillings and six pence shall be paid to the Council for the issue of a new plate under the provisions of this paragraph.
- (f) No person shall obliterate, deface or alter any number or mark impressed on any pedal cycle in accordance with these regulations, and no person shall ride or be in possession of a pedal cycle on which such number or mark has been obliterated, defaced or altered. In the event of such obliteration, defacing or alteration being caused without the knowledge or fault of the owner of a pedal cycle, the owner shall forthwith bring such pedal cycle, to the Municipal Offices for the purpose of having the number or mark re-impressed.
- (g) Every licence issued in respect of a pedal cycle shall expire on the 31st day of December in each year and the fees payable in respect of a licence shall be as follows:



Gewone Trapfietse ..... Twee  
 sjielings en ses pennis  
 Afleweringsfietse: ..... Vyf  
 sjielings.

Ordinary pedal cycles ..... two  
 shillings and six pence  
 Carrier pedal cycles ..... five  
 shillings.

Vir die doeleindes van hierdie paragraaf beteken „Afleweringsfiets” enige trapfiets wat voorsien is van ’n rooster, mandjie, of houer en wat gewoonlik deur ’n handelaar gebruik word om handelsware te vervoer.

For the purposes of this paragraph “Carrier pedal cycle” shall mean any pedal cycle equipped with a carrier, basket or holder, and which is ordinarily used by a merchant to convey merchandise.

- (h) Enige persoon wat buite die Munisipalegebied woon en wat nie binne Munisipalegebied gereelde besigheid dryf of in diens is nie en wat ’n trapfiets saam met hom in die Munisipalegebied inbring met die bedoeling om besoek af te lê en sodanige trapfiets na beëindiging van sy besoek weer uit die Munisipalegebied te neem, hoef sodanige trapfiets vir ’n tydperk van hoogstens 7 dae vanaf die datum van sy aankoms in genoemde gebied, nie te liseniseer kragtens hierdie regulasie nie.
- (i) Hierdie regulasie sal nie van toepassing wees op trapfietse wat uitsluitlik deur invalide persone vir hulle eie vervoer gebruik word nie of op driewielers wat uitsluitlik gebou is vir en gewoonlik deur kinders as speelgoed gebruik word nie.
- (j) In die geval van trapfietse wat die eiendom van enige departement van die Unieregering, ’n Provinsiale Administrasie, die Administrasie van Suidwes-Afrika of die Raad is, sal lisensies kosteloos deur die Raad uitgereik word.

- (h) Any person residing outside the Municipal area and who is not engaged in regular business nor employed within the Municipal area, and who brings with him any pedal cycle into the Municipal area with the intention of making a visit, and of taking such pedal cycle out of the Municipal area at the termination of his visit shall for a period not exceeding seven days from the date of his arrival in the said area not be required to have such pedal cycle licenced in terms of these regulations.
- (i) This regulation shall not apply to pedal cycles used exclusively by invalids for their own conveyance or to three-wheeled pedal cycles constructed exclusively for and commonly used by children as playthings.
- (j) In the case of pedal cycles which are the property of any department of the Union Government, a Provincial Administration, the Administration of South West Africa or the Council, licences will be issued free of charge.

No. 213.] [15 November 1960. No. 213.] [15th November, 1960.

POSSPAARBANK-BALANSSTAAT OP 31 MAART 1960.  
 POST OFFICE SAVINGS BANK BALANCE SHEET AS AT 31ST MARCH, 1960.

LASTE: LIABILITIES:		BATES: ASSETS:	
	£ s. d.		£ s. d.
Saldo aan inlêers verskuldig		Fondse by Staatskuldkommissarisse gedeponeer	
Balance due to depositors . . . . .	1,847,762.15. 6	Funds lodged with Public Debt Commissioners	2,156,526. 9. 8
Saldo aan sertifikaathouers verskuldig			
Balance due to certificate holders . . . . .	234,100. 0. 0		
Opgeloopte rente, Spaarbanksertifikate			
Accrued interest, Savings Bank Certificates . . . . .	4,345. 5. 0		
Saldo			
Balance . . . . .	70,318. 9. 2		
